EDEN TWEEKAMP•BIATHLON
P.O.Box 1131, OUDTSTHOORN, 6620 082-7734901 davesus@telkomsa.net www.swdtweekamp.co.za

# TRANSFORMASIEBELEID

## GESTREMDES

Die betrokkenheid van fisiese gestremdes in tweekamp blyk minimaal te wees aangesien dit die twee komponente van swem en hardloop behels. Tog bly EDEN Tweekamp in gesprek met die plaaslike Vereniging van Gestremdes om die sportsoort te bevorder. Daar word al die afgelope 10 jaar voorsiening gemaak vir gestremde atlete by alle byeenkomste tot op nasionale vlak.

## ONGELYKHEID VAN DAMES IN SPORT

EDEN Tweekamp is alreeds ver gevorder op hierdie gebied nadat daar die afgelope tyd baie aandag daaraan gespandeer is. Soos die aangehegte organigram van die Bestuur van EDEN Tweekamp aandui, is heelwat dames in bestuurposisies. Die Voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Verteenwoordiger vir Seniors, asook die 4 streeksverteenwoordigers. Die probleem het nou ontstaan dat daar myns insiens te min mans [3] op die bestuur is. Tog lewer die dames ‘n uitstekende diens is groei EDEN Tweekamp positief.

## REGSTELLENDE PROGRAM VIR HISTORIES VOORHEENBENADEELDES

EDEN Tweekamp is al jare besig met hierdie program en word beskou as een van die leier-provinsies in tweekamp in Suid-Afrika wat dit aanbetref. Daar word gereeld ontwikkelings-klinieke en kursusse aangebied en daar is ook ‘n Ontwikkelingsbeampte wat dit hanteer. Die Zoar Projek in samewerking met die Weskaapse Departement van Kultuursake & Sport is so ‘n voorbeeld. Dit is ook een van die voorsitter se prioriteitsgebiede waaraan hy persoonlik aandag gee.

DJ van der Walt
Operasionale Bestuurder

Sportsmans Warehouse winning starts here!
OUDTSHOORN
Western Cape Government Cultural Affairs and Sport
HIGHGATE OSTRICH FARM
TWEEKAMP SA BIATHLON